


RESTORICA

STIGTING SIMON VAN DER STEL FOUNDATION



April 1989 / No 24



Redaksioneel/ Editorial

*This, the first issue of 1989 of **Restorica**, is in keeping with the national image the Foundation will in future strive to promote.*

The Foundation maintains its noble objectives but at the same time pleads for greater flexibility in its approach towards solutions to future problems and, in this way, remains in touch with modern reality.

Modern times necessitate that heed be paid to new opinions and notions. The Foundation, albeit concerned with a noble cause, is only one of hundreds of institutions, organisations and bodies clamouring for the attention of the same source – the public.

The Foundation owes it to the South African heritage to hold its own in a competitive world.

“Dit is die plig van die volk self om te sorg dat dit wat hy geërf het, behoue bly.” Met dié woorde het wyle dr H F Verwoerd, destydse eerste minister, op 8 April 1959 die Stigting Simon van der Stel in die lewe geroep. Ter beklemtoning van sy nasionale karakter, het dr Verwoerd gevra dat die Stigting homself altyd as nasionale liggaam moet beskou wat ’n nasionale saak dien, sonder beklemtoning van een landstreek of bevolkingsgroep bo die ander.

Toentertyd het ’n skrale 600 bewaringsbewustes by die Stigting aangesluit. Die ledetal het in 1975 ’n hoogtepunt van 6 200 bereik. In 1988 egter het die ledetal gedaal tot 4 246 – ’n jammerlike aanklag teen hierdie geslag wat as die bewakers van ’n onvervangbare argitektoniese erfenis moet optree.

Optrede noodsaak egter nasionale betrokkenheid en ter viering van die Stigting se dertigste bestaansjaar word daar ’n beroep op alle takke gedoen om die ledetal tot 10 000 op te stoot.

“Die Stigting is trots op wat reeds bereik is, maar ook diep onder die indruk van die groot taak wat nog verrig moet word. Met die eensgesinde medewerking en steun van sy lede kan die Stigting in sy nasionale bewaringstaak seëvier.” – W H J Punt

Die ontstaan van die Stigting Simon van der Stel kan teruggevoer word na die vroeë twintigerjare toe dr Punt as jong onderwyser begin het met navorsing oor die Voortrekkerroetes. In ons volgende uitgawe sal ’n volledige artikel verskyn oor die belangrike rol wat dr Punt in die ontstaan en bestaan van die Stigting gespeel het.

**Redakteur/Editor
Patsy Redelinghuys**

**Ontwerp/Design
Marinda Lupo**

**Omslag/Cover
Die wenskyfie in die skyfiekompetisie van die Stigting (p 45)./The winning slide in the slide competition of the Foundation (p45).
Foto/Photo: Dr DA Myburgh**

Inhoud/Contents

4 Van Zyl House – second restoration?

8 'n Blywende herinnering

14 For want of stairs



20 Prominent survivor of conflict

24 Tower of remembrance

30 Laaste herehuis in Westdene

42 De Libri

44 Personacta



Stigting Simon van der Stel Foundation
(Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk/Incorporated Association not for gain.)

Opgerig/Established 8 April 1959.
Reg No 60/00005/08

Magtigingsnommer/Fundraising number:
FO2 200215 000 8

Posbus/PO Box 1743,
Pretoria 0001

Nasionale Raad/National Council

Nasionale Voorsitter/National Chairman

Dr W A Cruywagen
OVD/OMS

Nasionale Ondervoorsitter

National Vice-Chairman

Mnr/Mr F D Conradie
LP/MP

Kaapprovinsie/Cape Province

Mev/Mrs A Malan

Mnr/Mr HS Pienaar

Mnr/Mr GT Fagan

Mnr/Mr LE Raymond

Mev/Mrs G J Coetzee

Mnr/Mr B Visser

Oranje-Vrystaat/Orange Free State

Prof P J Nienaber

DVD/DMS

Transvaal

Mnr/Mr NC Bloom

Mnr/Mr A Holm

Dr C J F Human

DVS/DMS

Mnr/Mr G J de Korte

Direkteur/Director:

Mev/Mrs A Kruger

Adres/Address

Posbus/PO Box 1743,
Pretoria

Tel 26-6748, 26-8651

Kopiereg voorbehou/Copyright reserved

Drukkers/Printers

Gutenberg

Van Zyl House

*P R Donald
WPL van Zyl*

*Van Zyl House restored for
the second time.
Photo: P R Donald*

This year celebrating the 125th anniversary of the adoption of its name, the town Clanwilliam has survived no less than two devastating fires in which a number of valuable buildings were destroyed, along with the town's official records

~second restoration?



Clanwilliam, lying at the junction of the perennial Jan Dissels and Olifants Rivers, and set against the majestic backdrop of the Cedarberg mountains, is well known for the richness of its flora. Thousands of visitors are drawn by this spectacle each spring. More recently the town has also become popular as a venue for water sports and inland fishing.

Although one of the ten oldest towns in South Africa, Clanwilliam is less known for its historic buildings and associations. This is in some measure due to two devastating fires that swept through the town in 1901 and in 1925 and destroyed not only a number of valuable buildings but also the town's official records.

Despite these events several noteworthy buildings remain, in particular a complex of five buildings situated at the northern end of Park Street. In addition, the history of some of these buildings can be pieced together from records at the Cape Archives.

The establishment of a deputy magistracy in 1808 at the then Jan Dissels Vallei arose from a report about frontier conditions by Colonel R Collins to the Cape governor, who in commenting on this report to the authorities in London wrote, "... but I hold it as indisputable that the first step to improvement is a better distribution of the territory

Continued on p 6



Above: Van Zyl House early this century. Photo: Cape Archives
 Right: The house from the north-west. Photo: P R Donald

Continued from p 5
 by an increase in the magistracy. It surely is in itself sufficient evidence to cast an eye over the vast extent of each district and at once feel that neither the zeal or talent of any individual can enforce the maintenance of good order and regularity if there is in the people a refractory or disobedient spirit; but could there be even an absolute security against feelings of this nature still without the actual residence of men more enlightened than themselves, it cannot be expected that the boers confined as they are to the places of their birth should

make advances in the ways of civilisation and humanity".
 On 5 February 1808 the governor's secretary, C C Bird, wrote to the landdrost of Tulbagh, H van de Graaff: "I am directed by the Governor and Commander-in-Chief to transmit to you herewith a copy of a proclamation which His Excellency has caused to be issued defining the boundaries of the District of Tulbagh.
 "His Excellency has chiefly had in view in this arrangement to follow the line of demarcation which the natural features of the country pointed out as far

as it could be done consistently with the convenience and comfort of the inhabitants which it has been his wish as much as possible to consult.

"You will perceive by His Excellency's proclamation that he has therein expressed his intention of appointing a Deputy Landdrost in your District, the extent of which and the difficulty of access to Tulbagh itself from many parts rendering a measure of this nature highly expedient for the greater regularity of government of the Drostdy and I have now the honour to acquaint you that His Excellency has been pleased to fix upon Mr D van Ryneveld to fill this situation.

"His Excellency has further thought proper to direct that the Deputy Landdrost shall reside at Jan Dissels Valleij, the Opstal of which place has been purchased from Mr J van Reenen for the sum of six thousand Rix Dollars."

By 20 November 1808 Van Ryneveld had taken up residence at Jan Dissels Valleij and wrote to his immediate superior, Landdrost Van de Graaff at Tulbagh: "The intention I know was, that a sort of magistracy on a small scale should be established here for your assistance and for the accommodation of such farmers as reside in and about these districts". He then goes on to draw attention to the buildings at Jan Dissels Valleij, "... the buildings at the Jan Dissels Valleij you had an opportunity of examining on your visit here in the month of March last and are therefore known to you. I shall however take the liberty of recalling them to

your recollection.

"They consist in a dwelling house" (now No 3, Park Street) "containing a hall of 24 feet long and 15 broad; two parlours of 20 ft long and 15 broad each; one milk room of 20 ft long and 15 broad and a small pantry and a kitchen, all of which are in a tolerably good condition but which lack a ceiling; to add this would require 18 beams and a certain number of planks. There is then another house" (No 5, Park Street) "containing 3 apartments one of which is 30 feet long and 15 broad, which might serve provisionally for the messengers by raising a wall and putting in two windows and repairing a little. Two other small apartments, one without a door and both without door frames, which might be appropriated for the slaves. There is also a kraal with a shed in it for cattle, together with two apartments for slaves, but which are in a very defective state.

"A ceilinged storehouse of 40 ft long and 15 ft broad.

"A stable of 57 ft long and 15 ft broad, with a room adjoining for the coachman, of 15 ft long and 15 broad, both in a bad condition.

"These are all the buildings on the farm. In this situation it cannot be considered a respectable residence for a Deputy Landdrost and the buildings run a risk, even of falling down in winter. I therefore request you may be pleased to make the necessary representations to government in order that they may be brought into a proper state of repair."

He continued this first letter to his superiors by

pointing out that, having established a magistracy, some place of security was required for any "deserters, vagrants and criminals taken up within this jurisdiction". He also noted, "the convenience of the situation, the abundance of water and the fertility of the soil have really inspired me with the hope that this place may eventually rise to some importance".

He furthermore paid attention to the religious needs of his new magistracy and made a plea for "the clergyman of Tulbagh or some other minister" to perform divine service "even if it were only once a year".

He closed his letter on an interesting note, viewed from this modern age of conservation: "It appears to me that some very improper proceedings are going on with regard to the wood in the Cederbergen. As soon as I possibly can I will repair thither myself and enquire into the state of things".

On 13 June 1809 the governor's secretary, Bird, wrote to acknowledge receipt of Van Ryneveld's complaints regarding the buildings at Jan Dissels Vallei. "It appears to His Excellency from Mr Van Ryneveld's report that it is absolutely necessary to put the buildings in a proper state of repair according to the plan suggested as speedily as possible; and as the work will be performed under the immediate inspection of Mr Van Ryneveld, timber having to be had on the spot, His Excellency trusts the expense cannot be material."

Despite this letter no immediate action was forthcoming and at the end of 1809 Daniel Johannes van Ryneveld was

replaced by Jan Hendrik Fischer who in turn was succeeded by Olaf Martin Bergh in 1812.

On 3 January 1814 H van de Graaff wrote from Tulbagh: "On my last tour of inspection towards St Helena Bay I visited the residence of the Deputy Landdrost at the Jan Dissels Vallei. I found Mr Bergh's House in a very bad state as well as other Government Buildings; I therefore request that Your Excellency may be pleased to authorise such moderate repairs as may be deemed absolutely necessary".

In reply Governor Cradock wrote: "... Mr Bergh, under the control of the Landdrost will be desired to lay before Government the necessary estimate for repairs of the public Buildings, and the subject will be taken into favourable consideration". He then added: "As the present name of the place is of very vague designation and as I wish to pay a compliment to the family of the lieutenant Governor, the Honourable General Meade, I am to desire that the village and Residence of the Deputy Landdrost shall in future be styled Clanwilliam and direction will be given accordingly in the Gazette".

On 4 April 1814 the Landdrost and Heemraden of Tulbagh reported on the findings of a committee which had been formed to inspect the Clanwilliam buildings. "After proper examination it has appeared to the Landdrost and Heemraden in committee that the houses of the Deputy Landdrost while repairing should be improved with the addition of a room, dispens, gallery,

garret and also a front on which to place His Majesty's arms, all the other, almost entirely decayed houses, to be properly repaired and that a prison consisting of three rooms, viz one for the police officers, another for the caffers and a third for the prisoners, should be built." Bergh had in the meantime drawn up a list of "the timbers and other materials necessary and also of the probable expense" and this list accompanied the letter of the Landdrost and Heemraden. "For the Dwelling House to which a gallery and kitchen should be added as the present kitchen may be converted into a room and dispense: 360 feet of plank for ceiling
500 feet of plank for two front rooms
500 feet of plank for two back rooms
300 feet of plank for gallery
150 feet of plank for dispense
300 feet of plank for flooring and joints
280 feet of plank for windows
72 feet of plank for 3 doors
20 beams 17 ft long by from 5 to 7 inches thick.
Timbers for the window frames."

A number of smaller items were added, including "Kajate wood for the windows"; "20 lbs of putty"; "oil, glue and paint"; "cordages"; "12 pairs of hinges".


"For the stables, Coachman's Room together 73 foot long by 15 wide; 11 beams 17 ft long by from 5 to 7 inches thick."

"For the Building on the right hand side of the dwelling house, the beams

Continued on p 47

'n Blywende herinnering

Die geskiedenis van die Pioniershuis in Pretoria speel af teen die agtergrond van die pioniersjare in Transvaal. Verhale van die Botha's, Vermeulens en Mundts van Hartebeestpoort is ewe nou verweef met die vroeë geskiedenis van die Pretoriase omgewing



*Die kliphuis van Veldkornet AP van der Walt.
Illustrasie: WJ Leyds.
Foto: Stadsraad van Pretoria*

Blanke boere het reeds in die veertigerjare van die negentiende eeu in die omgewing van die huidige Pretoria gewoon. Die dorp self is eers in 1855 gestig.

Volgens die herinneringe van Maria Minnaar (gebore Bronkhorst) het haar vader, Gerhardus Stephanus Bronkhorst, in 1842 die plaas Elandspoort aangelê waarop die dorp

Pretoria later uitgelê is. Haar vader en sy broer, Lukas Bronkhorst, het die gebied gekies omdat dit waterryk was met volop geleentheid vir saai-boerdery. Sy het die omgewing as "bontveld" beskryf – 'n soort parkveld met hoë bome, kreupelbos en kaal kolle tussenin, terwyl die "wagenbietjie en die wit buffelpeerbloesems in die somer die lug oorlaai het met heerlike geure". Afgesien van die Bronkhorsts, Minnaars en Veldkornet Andries van der Walt in die omgewing van die "Aaprivier" was ander vroeë inwoners Andries Beetge op Garstfontein en Piet Smit in Daspoort.

'n Aantal gesinne uit hierdie omgewing het in 1845 saam met Andries Hendrik Potgieter na Ohrigstad verhuis. Weens die ongesonde klimaat het 'n groot aantal Trekkers egter aan malaria beswyk en die dorp moes ontruim word. Teen die middel van 1848 was lede van die Bronkhorst-, Minnaar-, Rademeyer-, Janssens- en Beetge-families weer terug in die Magaliesbergse omgewing, asook verwante families soos die De Langes, Erasmusse, Botha's, De Beers, Prinsloo's en andere. Nuwe intekkers vanuit Natal het ondertussen saam met Kommandant-generaal Andries Pretorius in die Magaliesbergse omgewing aangekom, terwyl daar ná die slag by Boomplaas in Augustus 1848

ook 'n aantal gesinne uit Transoranje na die gebied verhuis het. Onder hulle was die Fouries, Smits, Minnaars, Vermeulens, Van Rensburgs, Prinsloo's en Pretoriusse.

Dat die Magaliesbergse omgewing in daardie jare nog gewemel het van wild, blyk uit plaasname soos Hartebeestpoort – waarop die Pioniershuis opgerig is – en plase in die omgewing soos Koedoespoort, Elandspoort, Tygerpoort en Leeufontein.

Die plaas Hartebeestpoort was geleë waar die huidige Silverton later aangelê is. Die twee reekse van die Magaliesberg wat die Mootvallei vorm, word in hierdie omgewing aansienlik laer en spreid wyd uitmekaar. Die plaas is genoem na die poort waardeur die Rademeyersrivier (tans Moreletaspruit) vloei. Die gedeelte van die plaas Hartebeestpoort waarop die Pioniershuis geleë is, is noord van die poort geleë. Verder noord langs die spruit is daar 'n breë oorstromingsvlakke wat uitnemend geskik is vir akkerbou.

Wanneer die eerste Blanke boer hom op Hartebeestpoort gevestig het, is nie heeltemal duidelik nie, maar sover vasgestel kon word, was David Adolph Botha die eerste eienaar van die plaas.

Hartebeestpoort

Soos die meeste Trekkers is David Botha in Oos-Kaapland gebore. Hy was

die vyfde kind van Johannes Petrus Botha en sy eerste vrou, Maria Petronella Landman. In die geslagsregister word hulle vermeld as burgers van die distrik Swellendam.

Volgens die Swellendamse doopregister is David Botha op 26 Mei 1806 gebore en op 1 Junie 1806 te Swellendam gedoop. Na die dood van David se moeder is sy vader met Helena Dorethea Scheepers, die weduwee van Johannes Jacobus Carelse, getroud. Ten tye van hierdie huwelik het Johannes Petrus Botha op Grootrivier in die distrik Graaff-Reinet geboer. David Botha is op 9 Oktober 1825 met Maria Elizabeth Carelse, die dogter van sy stiefmoeder, getroud.

David Botha was tydens die aanvangsjare van die Trek 'n getroude man van ongeveer dertig jaar oud. Getuienis oor waar hy voor die Trek gewoon het, ontbreek. Sy vier oudste kinders is egter nog in die Kaapkolonie gebore. Volgens die notules van die Natalse Volksraad is 'n sekere David Botha deur die landdros en heemrade van Weenen in 1841 as veldkornet van die "Boven Togela" aangestel. Waarskynlik was dit David Adolph Botha, want sy ouer broer, Willem Adriaan, was in daardie jaar volksraadslid in Natal. In Augustus 1841 was David Botha nog veldkornet, want op 3 Au-

gustus is 'n rapport van hom aan die volksraad voorgelê waarin berig is dat vee van Willem Botha gesteel is en dat die vee spore die Drakensberg ingelei het.

Volgens oorlewering in die Botha-familie het die Bothas uit die Vrystaat na die Magaliesberg getrek. 'n Ander vertakking van die familie beweer dat David Botha egter ook saam met Potgieter na Ohrigstad verhuis en in 1848 na die Magaliesbergse omgewing teruggekeer het.

Die vermoede dat David Botha en sy gesin in 1848 reeds op Hartebeestpoort gewoon het, word versterk deur die feit dat sy oudste dogter, Helena Dorothea, op 1 Mei 1848 in die huwelik bevestig is. Die

"Wagenbietjie en die wit bufflepeerbloesems"

voltrekking van die huwelik sou waarskynlik in Potchefstroom moes geskied het, aangesien daar in 1848 in daardie dorp reeds 'n landdros was en die dorp van tyd tot tyd deur predikante uit die Kaapkolonie besoek is. Potchefstroom was in daardie jare nog die enigste gemeente in Transvaal.

Vroeë jare

David Botha het die plek vir sy opstal met 'n ge-

oefende oog uitgesoek – hoër as die oorstromingsvlakke van die spruit. Hier-vandaan sou hy ook 'n uitsig oor 'n groot deel van sy plaas en oor sy vee gehad het.

'n Tydelike hartbeeshuis van pale, dekgoed en klei is waarskynlik eers opgerig totdat 'n meer permanente huis gebou kon word. Die volgende dringende behoefte sou 'n veekraal gewees het, want die vee wat bedags deur veewagters opgepas is, moes snags teen roofdiere beskerm word. Krale van doringboomtakke was een oplossing. Die takke is na binne en die stamme na buite opmekaar gepak en 'n hek is van takke gemaak. Mettertyd is daar dan 'n klipkraal gepak. David Botha sou waarskynlik klip uit die hange van die nabygeleë bergreeks kon gaan haal het vir die pak van die kraalmure en vir die fundamente van sy huis. 'n Stal vir die perde was ook 'n noodsaaklikheid. Volgens Maria Minnaar is die perde snags op stal gehou weens die perdesiekte waaraan hulle in die somer "gekrepeer" het.

Ná die oprigting van 'n tydelike huisie en veekrale, moes 'n stukkie grond vir koring en mielies, groente en vrugtebome bewerk word. Met die primitiewe landbougereedskap moes dit 'n groot werk gewees het. Omdat daar nog geen mark of winkels was nie,

Vervolg op p 10

Vervolg vanaf p 9

het elke opstal sy groentetuin gehad. Groente is diversdeur die jaar geplant, behalwe in Junie en Julie. Soos die gewoonte was, sou Maria Botha verantwoordelik gewees het vir die groentetuin. Sy sou wortels, patats, aartappels, ertjies, boontjies en kool kon laat plant. Tussen die mielies is waatlemoene, pampoene en soetriet geplant. 'n Stukkie koringland vir die gesin se brood, en hawer as voer vir die perde was ook noodsaaklik. Dit is bekend dat die Trekkers klein vrugteboompies of steggies, groentesaad, boompitte en moere op trek saamgebring het. Die omgewing van Pretoria het mettertyd bekend geword vir sy groot vrugteboorde en heerlike vrugte. Die vrugte was 'n belangrike voedselbron en die droging daarvan was weer eens die werk van die boerevrou.

Snags het kleinwild op die tuine toegesak. Vir beskerming is klipmure opgerig of slote waarvan die grond na binne uitgegooi is, rondom gegrawe. Om die tuine en landerye nat te lei het David Botha 'n voorhoër op uit die rivier gegrawe. Dit het aan die oostekant verby die werf geloop sodat die tuin natgelei kon word, en dan af na die noorde om die lande te kon besproei. Die watervoor was reeds daar toe hy in 1853 die plaas aan Guillaume Vermeulen verkoop het en bestaan vandag nog gedeeltelik.

Die huis word gebou

Hoewel David Botha en sy gesin waarskynlik slegs 'n paar jaar lank op Hartebeestpoort gewoon het, kan aanvaar word dat hy die huis (wat nog daar staan) gebou, of gedeel-

telik gebou het. Die huisie was oorspronklik klein en langwerpig met slegs twee of drie vertrekkies, 'n buite-oond en buitekombuis. Die huidige kombuis en buitekamer is waarskynlik later aangebou. Tydens die restourasie in 1986 is gevind dat daar vroeër 'n buitedeur in die muur van die oostelike slaapkamer was – tans 'n muurkas. Dit was waarskynlik die voordeur van die huisie wat deur Botha gebou is.

Die huis is – soos dikwels in die pioniersjare die geval was – van gebreide klei uit die omgewing gebou, met 'n grasdak en kleivloer. Hout vir die balke, latte en kappe sou Botha in die omgewing kon vind aangesien bome volop langs die spruite gegroei het. Popu-

“gelegen aan de bovenzijde van de poort . . .

liere en riete sou egtereers aangeplant moes word. Die bas is gewoonlik van die stamme wat as pale gebruik is, afgeslaan en daar was geen plafonnie. Die mure sou met kalk afgewit of moontlik met “kleurgrond” bestryk gewees het. Die deure het uit bo- en onderdeure bestaan maar die binnevertrekke het slegs gordyne in plaas van binnedeure gehad. Dit is onwaarskynlik, hoewel nie onmoontlik nie, dat Botha glas vir die vensters in die hande sou kon kry. Glas was eers in die sestigerjare makliker bekombaar. Die eerste venstertjies het vermoedelik houtrame gehad wat met linne of katoen bespan is, en houtluike.

Of David Botha so ver

gekom het om 'n waenhuis te bou in die kort tydjie wat hulle op die plaas gewoon het, is onseker. Argeologiese opgrawings aan die oostekant van die Pioniershuis het die fundamente van 'n waenhuis blootgelê, maar aangesien reste van bakstene gevind is, is dit meer waarskynlik dat die waenhuis later deur die Vermeulens opgerig is.

Ná die jare op die trekpad het daar onder baie gesinne groot armoede geheers. Al meubels wat daar was, was dié wat met die ossewa vervoer kon word en het bestaan uit houtkattels met verebeddens, wakiste om klere en kosbare besittings in te bêre, 'n trektafel en veldstoeltjies en moontlik 'n riempiestoel of twee. In die boedels van David Botha en sy vrou baie jare later op Kleinfontein, word daar onder meer melding gemaak van twee kiste, “twee halvesleete tavels”; veldstoele en 'n “kleine veld tavel”; twee “beddens kompleet met 2 houten katels”. Gebruikvoorwerpe was onder meer 'n seepot, twee ketels, drie potte, die onmisbare koffieketel en “comvoor”, 'n koffiemeul, 'n rooster, strykyster, 'n meelsif en twee blakers, “tegoed”, “een lot breekgoed” en eetgereedskap, 'n watervat, “2 kleine melk vaten”, 'n vysel en 'n “karenvat”. Verder was daar 'n geldkissie, “1 lot boeken”, en die alomteenwoordige “apoteek”, of kissie met medisyne. Omdat daar waarskynlik nog geen kombuis was nie, sou die kookgereedskap in die buitekombuis en die gebruikvoorwerpe in die voorhuis 'n plek gevind het.

Die gebruikvoorwerpe

werp lig op die bedrywig-hede wat daar op Hartebeestpoort plaasgevind het, soos seepkokery en die maak van botter met die karring. Maria Minnaar het in later jare onthou dat haar man vir haar 'n baie doelmatige “karn” van boekenhout gemaak het, sodat sy al die botter wat hulle nodig gehad het, kon maak. David Botha sou ook vir 'n looikuip moes gesorg het sodat velle gelooi kon word vir skoene, oorleer en swepe. Afgesien van die huishouding moes Maria Botha ook sorg vir die tuin en vir die pluimveeboerdery. Hoenders en ganse het selde op die plase ontbreek – laasgenoemde om gepluk te word vir die verebeddens waarvoor die pioniers so lief was. 'n Eendedam is dus op die meeste plaaswerwe aangeleg. Volgens tydenote het die hoenders vry op die werf en selfs in die huis rondgeloop.

Hartebeestpoort word “aangeteken”

Soos die gebruik in die jare kort ná die Trek was, het David Botha aansoek gedoen om die plaas Hartebeestpoort, “gelegen aan de bovenzijde van de poort, aan den . . . waterloop waar het water door de poort uitkomt” op sy naam aangeteken te kry. Sy aansoek is op 10 Desember 1850 toegestaan en aangeteken. Hoewel hy etlike jare lank op Hartebeestpoort gewoon het, was die plaas egter nog nooit amptelik geïnspekteer nie. Dit het eers in 1853 gebeur. Botha het 'n “uittreksel”, dit wil sê, 'n afskrif van sy “aanteekening” aan sy veldkornet oorhandig, wat die plaas moes inspekteer. Die dag van die inspeksie was 'n groot gebeurtenis in die

wyk. Die veldkornet en sy inspekteurs het die rondomwonende boere op die bestemde plek ontmoet en volgens die uittreksel die omskrewe "middelpunt" as beginpunt geneem. Die veldkornet moes naasteby 'n vierkant opmeet van "een uur gaansch overkruis" oor die middelpunt. Op 1 Maart 1853 is Hartebeestpoort dus deur die veldkornet, A P van der Walt, en twee burgers te perd afgery in vier rigtings – na die noorde 20 minute; na die ooste 22 minute; na die suide 25 minute, en na die weste 15 minute. Die plaas was "naar gissing" 1 800 morges groot.

"een uur gaansch overkruis ..."

Hartebeestpoort se nommer was 308, maar dit is later verander na 328. Die eienaar het later sy transport of akte van eiendomsreg by die landdroskantoor gaan haal.

Dit is interessant dat die eienaar van die plaas Hartebeestpoort no 328, in die Plaasboeke van die Aktekantoor as David Alwyn Botha aangegee word. Aanvanklik was dit 'n raaisel, want in geen geslagregister of kerklike dokument uit daardie jare kon die naam van ene David Alwyn Botha opgespoor word nie. Die oplossing van die raaisel is uiteindelik in die argief van die Aktekantoor in die ou Plaasboeke gevind. Dit wil voorkom of die naam van die eienaar van Hartebeestpoort ná die inspeksie op 1 Maart 1853 en die oordrag van die plaas aan die Vermeulens op 25 Junie so onduidelik neergeskryf is dat dit meer na "Aalwyn" as na Adolph

gelyk het. Toe gegewens uit die ou boek in later jare in 'n nuwe boek oorgeskryf is, het die klerk David Botha se naam as David Alwyn oorgeskryf.

Toe David Botha besluit om Hartebeestpoort te verkoop, moes daar 'n oordrag van eiendomsreg uitgemaak word. So 'n transportakte moes deur die verkoper gelewer word en hy moes die koste dra. Die uitmaak van die transport en die afgee van die grondbriewe was die taak van die landdros van die distrik. Aangesien Andries du Toit eers in 1857 die eerste landdros van Pretoria geword het, is dit te verstane waarom die oordrag van die plaas eers op 23 Junie 1858 geskied het.

Dit kom voor of David Botha en sy gesin slegs 'n paar jaar lank op Hartebeestpoort gewoon het voor hulle na die plaas Kleinfontein, verder ooswaarts, verhuis het. David Botha het in die onrustige jare wat die Burgeroorlog van 1861 tot 1864 voorafgegaan het 'n prominente rol as voorsitter van die volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek gespeel. Hy is op 29 Maart 1879 oorlede. Sy begrafnislys het bewaar gebly en word in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum bewaar.

Nuwe eienaars

Guillaume Christoffel Vermeulen en sy skoonseun, Frederik Matthys de Beer, het die plaas Hartebeestpoort op 26 April 1853 van David Botha gekoop en terselfdertyd die grond verdeel. Die gedeelte noord van die Rademeyersrivier waar die rivier wes draai, is aan De Beer toegeken. Die suidelike driekwart – die gedeelte waarop die Pioniers-

huis staan – het aan Guillaume Vermeulen behoort, asook 'n gedeelte van die landerye. Daar is 'n ooreenkoms oor die waterregte aangegaan; albei moes die watervoor in stand hou en sorg dat hulle vee sover moontlik van die voor af weggehou word.

Die feit dat die transport op die plaas eers in 1858 toegeken is, bevestig die vermoede dat baie boere jare lank op hulle plase gewoon het voor dit getranspoteer is. Die transport van die plaas Hartebeestpoort is op 23 Junie 1858 aan David Botha toegeken en op dieselfde dag aan Guillaume Vermeulen, terwyl die transport op Frederik de Beer se gedeelte eers op 20 Mei 1859 uitgereik is. Minder as 'n jaar later, op 28 Oktober 1859, is Guillaume Vermeulen se gedeelte op die naam van sy seun, Hendrik Johannes Vermeulen, getranspoteer.

Die Vermeulens het uit die noordoostelike grensdistrikte van die Kaapkolonie gekom. Guillaume Vermeulen en sy vrou, Johanna Philippina Wolfaardt, het drie seuns gehad – Jan Gabriël (later kommandant), Hendrik Johannes (gedoop 28 Augustus 1819 te Graaff-Reinet) en Jacobus Gerhardus (Kootjie, gebore 1822). Uit die doopregisters blyk dat die Vermeulens geleidelik noordwaarts oor die Oranjerivier getrek het. Na die slag by Boomplaats waar Jan Vermeulen kommandant was en Kootjie gewond is, het die Vermeulens en verskeie ander families hulle in die omgewing van die Magaliesberg gevestig. Guillaume Vermeulen en sy twee seuns, Hendrik en Kootjie, het in die omgewing van die latere Pre-

toria gaan woon. Albei het hulle huise in die omgewing van die huidige Kerkplein opgerig.

Toe Guillaume Vermeulen hom op Hartebeestpoort gevestig het, was hy reeds 65 jaar oud. Hy het waarskynlik nadat sy seun, Hendrik Vermeulen, die plaas oorgeëem het op die plaas bly woon, want op 'n kaart van 1878 van die plaas word twee opstalle en 'n waenhuis aangetoon. Hy is ook in die plaaskerkhof begrawe.

Hendrik Vermeulen was 'n bekende inwoner van die omgewing nog voor die dorp Pretoria gestig is. Hy was met Johanna Sophia van Niekerk getroud en hulle het drie seuns en drie dogters gehad. Die tweede seun, Jan Albert, was met 'n kleindogter van David Botha getroud. Na sy vrou in 1872 oorlede is, het Hendrik Vermeulen die plaas Hartebeestpoort in 1873 aan sy seun, Jan Albert, en sy twee skoonseuns, WA Fourie en G S Pretorius, verkoop. Hy is in 1873 weer getroud en het tot met sy dood in 1895 in die distrik Potchefstroom gewoon.

Ander stempel

Die Vermeulens het bykans twintig jaar lank op die plaas gewoon en het hulle stempel op die huis, werf en boerdery gelaat. Die huis is waarskynlik vergroot ná Hendrik en sy gesin daar ingetrek het.

Die eerste vestigingsjare was nou verby en die meeste boere was in staat om geriefliker huise te bou. Aangesien hy 'n goeie kennis van mesielwerk gehad het – hy het gehelp met die oprigting van die eerste kerk op Kerkplein – het Hendrik die *Vervolg op p 12*

Vervolg vanaf p 11
aanbouery waarskynlik self behartig. 'n Kombuis is egter aangebou sodat die huis die kenmerkende T-plan van die Kaapse plaaswoning aangeneem het. Die stewige klipwerk van die es staan vandag nog. Wanneer die buitekamer presies aangebou is, is moeilik om vas te stel aangesien die oorspronklike boumateriaal met die verloop van jare verdwyn het.

Toe Hendrik Vermeulen op die plaas gaan woon het, was die jongste seun, Hennie-Boet, maar ongeveer sewe jaar oud. Dit is dus waarskynlik dat daar vir die seuns 'n buitekamer aangebou moes word. Op 'n foto uit die jaar 1900 is die deur van die buitekamer aan die noordekant van die huis sigbaar. Tydens die restaurasie in 1987 is die deur weer hier geplaas.

Om 'n bestaan op sy gedeelte van Hartebeestpoort (wat nie 'n groot plaas was nie), te kon maak, moes Hendrik Vermeulen hom, afgesien van die veeboerdery, tot die akkerbou gewend het. Die landerye, boorde en tuine is waarskynlik uitgebrei om in die behoeftes van die gesin te voorsien. Daar was ook sedert 1858 'n gereelde mark op Kerkplein wat vir die Vermeulens maklik bereikbaar was. Pretoria het nou ook al sy eie meul gehad wat deur Stephanus Meintjies bedryf en by die huidige Leeubrug geleë was. Tot in die jare sestig moes daar egter sonder die hulp van landboumasjinerie klaargekom word. Omdat draadomheining eers in die loop van die sewentigerjare beskikbaar was, was die lande dikwels met klipmure omhein. Op die foto van Andries du Toit se plaas, Koedoespoort, wat

aan Hartebeestpoort gegrens het, kan die klipmure duidelik gesien word.

Dit is interessant dat daar in die pioniersjare geglo is dat wilgerbome die oorsaak van malaria was. Daar is selfs 'n tydlank 'n verbod op die plant van wilgerbome langs watervore geplaas. Nogtans het die boere graag wilgers op damwalle en langs die vore geplant.

“breed genoeg vir 'n ossewa ...”

Bloekombome het teen die sestigerjare op die toneel verskyn. Dit is as 'n wonderboom beskou en daar is vas geglo dat die bome die voorkoms van malaria kon teenwerk, “ongeveer soos een bliksemafleider bij een onweder”, volgens Lion-Cachet. 'n Aftreksel van die blare is selfs teen malaria gedrink. Toe Tromp as private sekretaris van President Burgers in die sewentigerjare 'n tydlank in Pretoria gewoon het, het hy bloekoms, wilgers en populiere gevind. Hy het ook opgemerk dat daar dikwels om die huise 'n paar hoog-groeiende bome geplant was. Op Hartebeestpoort se werf was vroeër 'n groot wildemoerbeiboom aan die suidwestekant wat vir skaduwee teen die warm namiddagson gesorg het.

Pretoria word 'n dorp

In die ongeveer twintig jaar wat die Vermeulens op Hartebeestpoort gewoon het, het hulle die geleidelike groei van die dorp Pretoria belewe. Hulle was ook nou betrokke by sommige van die ver naamste gebeurtenisse. Die naam van Hendrik Ver-

meulen kom voor op die verslag van 'n vergadering wat op 29 Julie 1857 onder voorsitterskap van die landdros, Andries du Toit, gehou is om dorpregulasies vir die dorp Pretoria Philadelphia op te stel. Dit moes vir hulle ook 'n gedenkwaardige dag gewees het toe die Vierkleur op 23 Februarie 1858 vir die eerste keer op Kerkplein gehys is en die eerste kerkgebou waaraan Hendrik Vermeulen help bou het, ingewy is.

Toe die Vermeulens na Hartebeestpoort getrek het, was Kerkplein nog “grasbegroeid met paaie kruis en dwars daaroor – breed genoeg vir 'n ossewa”. Die kinders het op die plein kleilat gespeel en met die slingervel na kiewietjies gemik. Hierin het geleidelik 'n verandering gekom. Die eerste goewermentsgebou is in 1867 voltooi en die *Staats Courant* is reeds in Augustus 1863 in Pretoria gedruk. Etlke winkels het goeie sake gedoen en klerasie, boumateriaal, gebruikvoorwerpe, porselein, kruideniersware en musiekinstrumente kon gekoop word. Daar is ook jare lank gereeld vendusie op Kerkplein gehou waar allerlei negosieware te koop was.

In die sestigerjare is poskarre nog gebruik. Die poskoets het eers in 1873 op die toneel verskyn, met aflosstasies waar perde omgeruil kon word. Ná 'n paar jaar was daar reeds 'n hele aantal poskoetsroetes. Aangesien Hendrik Vermeulen Hartebeestpoort in 1873 verkoop het, is dit onwaarskynlik dat hy reeds stalle vir perde vir die poskoets sou gebou het. Die stalle wat tans op die plaaswerf voorkom, is waarskynlik later deur

Hans Mundt opgerig.

Mundt koop Hartebeestpoort

Hoewel Hendrik Vermeulen die plaas in 1873 aan sy seun en twee skoonseuns verkoop het, het hulle reeds die volgende jaar besluit om Hartebeestpoort aan Hans Mundt te verkoop. Daar het nou 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die plaas aangebreek. Die pioniersjare was vir goed verby.

Hans Mundt (1832–1922) wat naby Hamburg in Duitsland gebore is, het hom in 1852 in Suid-Afrika gevestig. Terwyl hy naby Fauresmith in die Vrystaat geboer het, is hy met die weduwee Hermina Dorothea Ennis getroud. In 1874 het die gesin na Hartebeestpoort verhuis. Daar was twee seuns, 'n dogter, 'n stiefdogter en waarskynlik twee stiefseuns. 'n Paar maande na hulle aankoms is nog 'n dogter gebore.

Mundt het waarskynlik die plaas gekoop weens die uitstekende moontlikhede vir akkerbou, en die nabyheid van die mark in Pretoria. In 1879 het hy die poskontrak vir vervoer tussen Pretoria en Lydenburg gekry. Ds Ennis, Mundt se stiefseun, het in latere jare vertel dat hy as jongman soms self die poskoets gedryf het. Ook Mundt se seun, Heinrich, het hom herinner dat die geluid van die posbeuel 'n paar kilometer buite Silverton, die teken was om die vars perde gereed te kry vir die poskoets vanaf Lydenburg op sy laaste skof na Pretoria.

Hans Mundt het tot met sy dood op 2 Januarie 1922 op die plaas gewoon. Die spruit, Rademeyersrivier, het in sy tyd as Mundtspruit bekend

gestaan en die drif by die werf as Mund-se-drif of Mond-se-loop.

Mundt was 'n vooruitstrewende boer en het die tuin, boorde en lande intensief bewerk om sy produkte in Pretoria te bemark. Toe HP N Muller, konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat, in 1883 op reis na Pretoria was, het die geselskap, nadat hulle die Pienaarsrivier oorgesteek het, by die "welgestelde boer Mont" stilgebou. Hy skryf: "Groote boomgaarden goed van vruchten voorzien, stonden er omheen geplant. Treurwilgen en andere boomen beschaduwde de paden, en allerlei gewassen beloofden

... een goede oogst. In een klein gebouwtje stookte hy brandewyn van perziken. Voor alles vond hy in Pretoria een goede markt." Die oudste wilgerbome, wat vandag nog bestaan, is glo deur een van Mundt se Duitse tuiniers geplant.

Hartebeestpoort se werf het in Mundt se tyd 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Hokke is gebou vir die varke, kalke, eende en hoenders. Volgens 'n dogter van Hans Mundt was daar op die werf 'n woonhuis, stalle, voerkamer, 'n kraal vir perde vir die poskoets, 'n ry slaapkamers vir moeë koetsreisigers, padlopers en fortuinsoekers onderweg na die Oos-Transvaalse goudvelde, sowel as vir die seunskinders. Heel wes was die "proviandkamer" waarin gedroogde vrugte, heuning, eiers, beskuit, groente, biltong en selfs gansvere geberg is om verkoop te word. Die reste van 'n kalwerhok en hoenderhokke het in 1975 nog bestaan.

Die huidige klipbuitegeboue op die plaas is waarskynlik na 1880 opgerig,

want dit kom nie voor op 'n kaart van die plaas wat in 1878 vir Mundt geteken is tydens die oordrag van die plaas op 14 Julie 1878 nie. Op hierdie kaart wat tydens die Britse annekasie geteken is, kom daar drie geboue op 'n ry voor. Die Pioniershuis is waarskynlik die mees westelike gebou met 'n ander opstal net oos daarvan. Argeologiese opgrawings het die oorblyfsels van 'n waenhuis aan die oostekant blootgelê. Die middelste huis is waarskynlik in die begin van die twintigste eeu deur Mundt se seun verander en vergroot tot 'n

brandewyn van perziken ..."

later gesloop is toe die Pioniershuis die eerste keer gerestoureer is. Op die kaart is die veekraal suidoos van die geboue sigbaar. Die vrugteboorde en uitgestrekte lande weerskante van die spruit word ook aangedui.

Pioniershuis word museum

Omdat die werf van Hartebeestpoort so 'n algehele gedaanteverwisseling ná die koms van Hans Mundt ondergaan het, het die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum besluit om die restourasie van die opstal en werf toe te spits op die tyd net voor Mundt die plaas gekoop het, dit wil sê vroeg in die sewentigerjare van die vorige eeu. Die pionierstydperk was reeds verby en ingevoerde gereedskap en boumateriaal was in Mundt se tyd vrylik in die handel verkrygbaar.

Wanneer die lang geskiedenis van Hartebeest-

poort en sy mense in oënskou geneem word, is dit niks minder as 'n wonderwerk dat die huisie deur al die jare behoue gebly het nie. Dit moet veral aan die versienheid van twee vroue toegeskryf word. Johanna Louisa Mundt (gebore Kleinhaus), die vrou van Mundt se seun, Ernst Wilhelm, het toegesien dat die huisie nie in totale verwaarlosing verval het, of gesloop is ná die oprigting van die nuwe woonhuis nie. Haar gehegtheid aan die ou huisie het haar laat besluit om die huis, met 'n gedeelte van die plaas rondom, in 1961 aan die stadsraad van Silverton te skenk. Kotie Roodt-Coetzee, eertydse direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, het die geleentheid om die Pioniershuis vir die nageslag te bewaar, met albei hande aangegryp. Met volgehoue deursettingsvermoë en ywer het sy meegewerk daartoe dat die Pioniersopelugmuseum op 5 November 1975 deur die destydse Staatspresident geopen kon word.

Die Pioniershuis en werf wat sedert 1987 opnuut deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum gerestoureer word, dien as 'n monument vir die ondernemingsgees en deursettingsvermoë van die pioniers wat hulle na die Groot Trek in die omgewing van Pretoria gevestig het.

Verwysings

Argief van die Registrateur van Aktes, Pretoria. RAK, Alfabetiese oude inspeksielijst.

G S Preller (red), *Voortrekermense IV*. Kaapstad, 1925.

G S Preller, *Oud-Pretoria*. Pretoria, 1938.

H M Rex, *Nederduitsch Hervormde Gemeente*

Bronkhorstspruit 1869–1969. Krugersdorp, 1969.

C G de Villiers en C Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*. Kaapstad, 1981.

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria. F K 2228.

Doopregister Swellendam. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria. F K 2237.

Trouwboek der Kerk van Swellendam, 1798–1839. G S Preller, *Voortrekkerwetgewing, Notule van die Natalse Volksraad 1839–1845*. Pretoria, 1924.

Persoonlike mededeling.

DAM Botha, Kleinfontein, distrik Pretoria, 1986.

S du Preez, Die eerste bewoners van Kerkplein, Pretoria, *Contree* no 3, 1978.

Nèderduits Hervormde Kerkargief, Pretoria. 3/3/1.

Huweliksregister 1838–1885.

MJ Oosthuizen, Terugblik op die verlede, *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde*, Jan, 1980.

G S Preller, *Ou-Pretoria*. Pretoria, 1938.

P Naude, *Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858–1899*. Ongepubliseerde D Litt-proefskrif, Unisa 1954.

G S Preller, *Voortrekermense I*. Kaapstad, 1918.

Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek. 1863-07-28.

S Heckford, *A lady trader in the Transvaal*. London 1882.

J Lion-Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*. Amsterdam, 1882.

J Stuart, *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republieken in Suid-Afrika*. Amsterdam, 1854.

Kantoor van die Registrateur van Aktes, Pretoria.

Hartebeestpoort 328.



Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria. MHG 9608.

Sterfker.nis.

FOR WANT OF STAIRS

Having clambered up the ladder, and after being suitably impressed by the layout and finish of the bedrooms, he turned on Penrose and demanded to know where the staircase was. In assumed blank amazement, Penrose asked, "What stairs?"

The carved oak Victorian fireplace in the lounge. Below: A very narrow, steep, awkward little timber stairway was constructed. Photos: Mark Harris



Mark Harris

One wonders what buildings were demolished on this old Voortrekker erf when Mr J P Mazureik in c1905–1906 commissioned the Klerksdorp Town Engineer/Architect Mr H Hancock to design a new residence.

Mazureik was in the wine trade when he left the Boland, where he probably resided in Paarl, to make his fortune in Kimberley.

From Kimberley, he moved to Klerksdorp and he did well as an entrepreneur, speculator and very active business man. At one stage he had the mail-cart

*The turret at the north-west corner.
Photo: Mark Harris*



or mail-coach contract and lived near New Machavie.

Mazureik decided to retain some of the, still existing, outbuildings on the site. Those were:

- The present corrugated iron-roofed store rooms which were previously used as a carriage house and stables. Originally this structure was built with heavy clay walls, finished with plaster and a round-washed (cobble-) stone floor. Originally, it possibly had a flat sodded earthen roof. This roof had been replaced with a thatched roof on pegged round-pole trusses, forming a low loft with a clay floor on a reed ceiling (brandsolder) over the rooms below.
- The old arch-vaulted brick baking-oven, which is still in a useable condition. It is known to have been used until c1965–1970 by the family De Kock to roast the Christmas sucking-pig.
- The bucket-system series of latrines which also probably predates the main house. Seating for two in one compartment possibly had a larger hole for adults and a smaller hole for children on the same bench. The single seat in the second compartment would indicate that either the lady of the house demanded her privacy, or that the servants were provided with separate toilet facilities – rather than to use the banks of the Schoonspruit.

The plastered brick wall defining the side boundaries and back yard was possibly built at the same time as the old wall surrounding part of the old Convent grounds – probably before the Anglo-Boer war.

- The existing brick and clinker-ash evaporation cooler-room with water-pressure tank which may have been erected at the same time as the luxuriously ornate Victorian

Continued on p 16

Continued from p 15

style villa. It may alternatively have been erected at the same time as one of the many later internal alterations.

Hancock designed the new Villa, finished the plans and specifications and obtained Mazureik's approval. The master builder, Mr William Penrose offered a tender price which was accepted after negotiation.

Penrose and his brother, both carpenters, had emigrated from Melbourne, Australia and set up business in Krugersdorp as undertakers and coffin-makers towards the end of the 19th century. They returned to Australia, returned to Krugersdorp and then split up. William moved west to Klerksdorp and set up as a building contractor. He had been awarded, and successfully completed, a number of State contracts in the district of Klerksdorp.


Thinking that he had concluded all the arrangements, Mazureik announced that he and his wife were leaving on "the Grand Tour" of Europe and that they would be away for at least seven months.

Penrose, wisely and from experience, insisted that Mazureik appoint an agent to make progress payments for the new Villa. For obvious reasons, Hancock withdrew from the building scene. It was then agreed between Mazureik and Penrose that the respected young attorney, Mr ME Rood, would act as agent and would make progress payments for the new building, which was to be "erected in strict accordance with the plans and specifications".

The Mazureiks could now leave for the European Grand Tour, which would suitably reflect their newly achieved status in life and which

Continued on p 18

Projecting balcony with gable. Photo: Mark Harris



*Dodo (dò:do). 1628 Raphus (Didus Cuccullatus) Didus ineptus,
van die orde Columbidae, voorheen inheems aan Mauritius.*



ONS IS NIE DOODGERUS NIE.

Die dooie dodo het al spreekwoordelik geword. Hulle was so doodgerus dat hulle heeltemal deur die mens uitgeroei is. 'n Unieke wese het vir ewig van die aardbol verdwyn. Sou dit weer kon gebeur? Nie as Total dit kan keer nie. Vandag weet ons dat ons aan die wêreld moet teruggee wat ons uit die aarde haal. Total is dus toegewy aan omgewingsbewaring – en bewaring van alle wesens wat daarin leef. Ons is nie doodgerus oor oorlewing nie. Daarom het ons tyd en geld belê in sulke verdienstelike sake soos die beskerming van die witrenoster. Die bewaring van die swartrenoster. Die Lichtenstein hartbees wat weer na Suid-Afrika terug gebring is. Dit is ook waarom ons gehelp het met die ontwikkeling van natuurreserve en waarom ons bewaringsorganisasies steun. Ons voel dat as ons kan keer dat daar weer so iets gebeur soos met die dodo, dan begin ons ons strepe verdien.



ONS VERDIEN ONS STREPE

Continued from p 16
would possibly give them the opportunity to order suitable furniture and furnishings for the new Villa.


While the building was under construction, little Miss Miems van Wyk daily walked past the home on her way to school at the Convent. She often thought what a grand house it was and envied the grand people who would live there. She never imagined that as the second wife of widower C J de Kock, she would rule the domestic domain.

In due course, the Mazureiks returned from their overseas tour and could hardly wait to see how construction had progressed on the new house.

His excitement could barely be contained when Penrose announced that he had completed his building task, and offered to show him around. With great aplomb, and obvious pleasure, Penrose took Mazureik through the ground floor of the residence, pointing out all the wonderful features and finishes.

